UNIVERSITY OF CAMBRIDGE INTERNATIONAL EXAMINATIONS
General Certificate of Education Advanced Subsidiary Level

**AFRIKAANS** **8679/02**

Paper 2 Reading and Writing **October/November 2008**

**1 hour 45 minutes**

Additional Materials: Answer Booklet/Paper

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

If you have been given an Answer Booklet, follow the instructions on the front cover of the Booklet.
Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer **all** questions in **Afrikaans**.
Care in the use of language and sentence construction will count in your favour.
Dictionaries are **not** permitted.

At the end of the examination, fasten all your work securely together.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Indien jy ’n vraestel/antwoordboek ontvang het, moet jy die instruksies op die voorste bladsy uitvoer.
Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam op al die stukke wat jy gaan inhandig.
Skryf met ’n donkerblou of swart pen.
Moenie krammetjies, skuifspelde, glanspenne, gom of flaterwater gebruik nie.

Beantwoord **alle** vrae in **Afrikaans**.
Punte word toegeken vir taalgebruik. Goeie sinskonstruksie sal ook in jou guns tel.
Woordeboeke word **nie** toegelaat nie.

Maak seker aan die einde van die eksamen dat jou werk stewig vasgemaak is.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van ’n vraag gegee.

This document consists of **6** printed pages and **2** blank pages.

SP (NH) T71121/4
© UCLES 2008

UNIVERSITY *of* CAMBRIDGE International Examinations

**Afdeling 1**

Lees die volgende artikel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

# Silwerdoek sangoma

Dink jou in. Jy het tien jaar lank aan ’n draaiboek oor ’n Zoeloe veewagter gewerk. Ná jare wen die draaiboek ’n gesogte prys in die VSA. Jy hoop die deure sal nou oopswaai. Baie rolprentmakers stel belang, maar ná ’n paar weke verdwyn hulle almal weer in die niet. Jy is op moedverloor se vlakte as die aanbod eindelik kom. ’n Rolprentmaker wil jou draaiboek koop – op voorwaarde dat hy dit kan herskryf en daarvan ’n rolprent oor Amerikaanse Indiane maak. Die geld is goed. Wat doen jy dan? Gavin Hood – die film se skrywer, regisseur en hoofrolspeler – het die noodlot getart en die aanbod van die hand gewys.

*A Reasonable Man* is nooit herskryf nie. Dit was ’n kordaatstuk toe hy vyf jaar gelede die laaste belangstellende rolprentmaker weggestuur het. *Sitting Bull* se geld sou brood op die tafel beteken het. Hood was dertig en aan die einde van sy twee jaar lange nagraadse kursus in rolprentproduksie in Los Angeles. Hy het aandklasse bygewoon en bedags gewerk.

Die draaiboek het aandag begin trek en die rolprentmakers het aan Hood se deur begin klop. “Almal van hulle wou egter iets anders hê,” sê hy. “Hulle sou byvoorbeeld sê: Ons was versot op jou draaiboek, maar het jy nie dalk ’n lekker aksie-avontuur nie? Dan het ek geantwoord: Nee, hiérdie is my draaiboek. Dit is die draaiboek wat die prys gewen het.” Hood erken hy het oor een so ’n aanbod ses weke lank getob. “Ek het van koffiewinkel na koffiewinkel gedrentel en probeer besluit. Op die ou end het die antwoord ‘nee’ gebly.”

Die fliek is ’n hofdrama wat in die KwaZulu-Natalse platteland afspeel. ’n Zoeloe veewagter wat daarvan oortuig is dat hy die tokkelossie vermoor het, ontdek hy het ’n jong kind vermoor. Die regter in die moordsaak kom voor ’n dilemma te staan wanneer hy die Westerse regsbeginsels moet gebruik om sin te maak van die skemerwêreld van Afrika-rituele. Hy moet besluit of diepgesetelde geloofsoortuigings genoeg rede is om die veewagter vry te spreek. ’n Prokureur wie se rol deur Hood gespeel word, besluit om die veewagter te verdedig.

Dit is maklik om te sien hoe die verhaallyn herskryf sou kon word in die idioom van Amerikaanse Indiane aangesien beide kulture met mites en rituele deurdrenk is. Hood wou egter nie byt nie: “Daar was een ding wat ek meer begeer het as enigiets anders: om by rolprentteaters in te stap waar die Suid-Afrikaanse kultuur knap uitgebeeld word as deel van die wyer spektrum. Hoe moet ons onsself verken indien ons nooit weerkaatsings van ons wêreld te sien kry nie?”

Uiteindelik het Hood ’n maatskappy opgespoor wat bereid was om ’n Suid-Afrikaanse prent met Suid-Afrikaanse akteurs te vervaardig. Hood: “ ’n Maatskappy wat nie die draaiboek wou verander of buitelandse akteurs in die hoofrolle wou stop nie. Whoopie Goldberg as die sangoma …” Dié rol word vertolk deur Nandi Nyembe, wat uit ’n familie van sangomas kom. “Jy sal ver soek vir ’n geloofwaardiger vertolking”, sê Hood.

© UCLES 2008

**1** Vind die woord in die teks wat ooreenstem met die volgende definisies. Die woorde kan tussen reëls 1 en 19 gevind word.

*Voorbeeld:*

*Vraag:* oppasser van mak diere
*Antwoord:* veewagter (reël 1)

**(a)** voorafgetelde eis [1]

**(b)** geïnteresseerde [1]

**(c)** diep nagedink [1]

**(d)** stadig heen en weer geloop [1]

**(e)** ’n toneelstuk of fliek wat gebasseer is op ’n regsaak [1]

[Totaal : 5]

**2** Verduidelik die volgende sinne soveel as moontlik **in jou eie woorde**. Begin jou sinne met die woorde tussen hakies.

*Voorbeeld:*

*Vraag:* Dink jou in. (Jy …)
*Antwoord:* Jy moet jou voorstel.

**(a)** Ná jare wen die draaiboek ’n gesogte prys (reëls 1–2).
Die draaiboek … [1]

**(b)** Jy is op moedverloor se vlakte as die aanbod eindelik kom (reëls 3–4).
Die aanbod … [1]

**(c)** Hy het aandklasse bygewoon en bedags gewerk (reël 11).
Saans … [1]

**(d)** Hoe moet ons onsself verken indien ons nooit weerkaatsings van ons wêreld te sien kry nie (reëls 27–28)?
Om onsself te leer ken … [1]

**(e)** Dié rol word vertolk deur Nandi Nyembe (reël 32).
Nandi Nyembe … [1]

[Totaal : 5]

© UCLES 2008

**3** Beantwoord die volgende vrae in **Afrikaans in jou eie woorde**. Bepaal jou by die teks, maar moenie sinne direk uit die teks oorskryf nie.

***(Die begripstoets tel 15 punte en 5 punte word toegeken vir taalgebruik, dus 15 + 5 = 20.)***

**(a)** Volgens die skrywer, wat was Gavin Hood se verwagting toe hy sy draaiboek voltooi het en watter rede word daarvoor in die teks gegee? [2]

**(b)** Gavin Hood "het die noodlot getart" (reël 7). Verduidelik wat die skrywer hiermee bedoel. [1]

**(c)** Hoekom gebruik die skrywer die titel *Sitting Bull* vir Hood se film in reël 9? [1]

**(d)** Lees nogmaals die tweede paragraaf. Wat is die skrywer se opinie oor die feit dat Gavin Hood verskillende rolprentmakers weggewys het en waaruit spruit haar bewondering vir hom? [2]

**(e)** Verduidelik die "dilemma" wat die regter in die fliek ervaar. [2]

**(f)** Waarom was die versoeking groot om die verhaal te herskryf volgens die skrywer en hoekom het Gavin Hood steeds geweier om dit te doen? [2]

**(g)** 'Die feit dat Nandi Nyembe uit 'n gesin van sangomas kom, dra by tot die geloofwaardigheid van haar rol.' Verduidelik hierdie stelling. [1]

**(h)** Noem vier karaktereienskappe van Gavin Hood wat uit hierdie teks na vore kom en gee voorbeelde waaruit dié blyk. [4]

[Totaal : 20]

**BLANK PAGE**

**BLAAI OM VIR AFDELING 2**

**Afdeling 2**

Lees die volgende artikel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

# Afrika word mondig!

Dankie tog, Afrika is besig om groot te word. Hy wil uitgebeeld word soos hy is en nie soos Hollywood hom in die verlede gerieflikheidshalwe gesien het nie: as 'n blote agtergrond waarteen romantiese safari-prente met macho-helde verfilm is. Daar was 'n tyd toe Hollywood Afrika met hierdie soort minagting behandel het as net nog 'n stel waarteen manlike pseudohelde hul spiere kan bult.

Die produksies wat in Afrika afgespeel het, is gewoonlik in Kenia verfilm, maar met groot dele van Afrika wat steeds polities onstabiel is, wil al hoe minder internasionale sterre hulle aan daardie soort gevare blootstel. Hulle wil graag in 'n rolprent speel wat in Afrika afspeel, maar omdat ons kamstig in die middel van nêrens is, het sterre hul nie maklik verwerdig om na donker Afrika te kom nie.

Maar toe het die Groot Drie Afrika, die donker stiefkontinent, in die nuwe groot hoop verander. Oprah Winfrey is aan die voortou met die goeie werk wat sy vir skole en die bestryding teen vigs doen, Brad Pitt het besluit om saam met Angelina 'n baba in Namibië ryker te word en Leonardo DiCaprio en sy gevolg het gereeld hier kom vakansie hou wat ons op die wêreldvoorblaaie geplaas het. Afrika was skielik koel.

Gavin Hood se *Tsotsi*, wat nie waffers by die Amerikaanse loket gevaar het nie, het tog vir party mense buite Suid-Afrika gewys dat daar meer in byvoorbeeld Suid-Afrika gebeur as Gary Player, dr. Chris Barnard en Nelson Mandela – drie elemente waarmee Suid-Afrikaners elke keer in Amerika gekonfronteer word asof dit al is wat ons bestaansreg gee. Hierdie fliek het die omgewing en die agtergrond waarteen die verhaal afspeel deel gemaak van die storie.

Daar is gerugte dat die vervaardigers van die jongste Bond-rolprent Suid-Afrika oorweeg het as die agtergrond waarteen die superheld se avonture kon afspeel, maar gelukkig het hulle daarteen besluit. Afrika kan nie net 'n kleurryke stel wees soos van ouds nie. Afrika is deesdae die storie, Afrika dwing die aandag na sy hardheid wat gekoester word deur sagte grasvelde en trotse bome. Afrika roep uit om in sy ware gedaante uitgebeeld te word. En het die mense stories om te vertel wat teen hierdie ruwe landskap afspeel!

Dalk het 'n mens weer iemand nodig om Afrika, dalk hierdie keer in Afrikaans, te wys soos hy is. Beeldskoon, maar wreed en soms verraderlik. Hollywood sien darem die lig. En ons plaaslike regisseurs ontdek 'n Afrika in beeld wat nog nie tevore uitgebeeld is nie. Ons moet hierdie idee 'n stap verder voer om Afrika en sy mense op die silwerdoek een te laat word. Daar is die groot storie wat nog wag om vertel te word.

© UCLES 2008

**4** Beantwoord die volgende vrae in **Afrikaans in jou eie woorde**. Bepaal jou by die teks, maar moenie sinne direk uit die teks oorskryf nie.

***(Die begripstoets tel 15 punte en 5 punte word toegeken vir taalgebruik, dus 15 + 5 = 20.)***

**(a)** Wat beteken "geriefslikheidshalwe" in reël 2? [1]

**(b)** **(i)** Lees die eerste paragraaf. Watter woord gebruik die skrywer om Hollywood se houding teenoor Afrika in die verlede te beskryf? [1]

**(ii)** Hoe het hierdie houding in die praktyk tot uiting gekom? [1]

**(c)** Die sterre het "hul nie maklik verwerdig om na donker Afrika te kom nie" (reëls 9–10). Verduidelik wat die skrywer hiermee bedoel. [2]

**(d)** Wat beteken die woord "stiefkontinent" in reël 11? [1]

**(e)** Hoekom word die "Groot Drie" in dié artikel genoem? [1]

**(f)** Wat was volgens die skrywer die belang van *Tsotsi* vir die filmindustrie in Afrika? [1]

**(g)** In die vierde paragraaf praat die skrywer van "drie elemente waarmee Suid-Afrikaners elke keer in Amerika gekonfronteer word asof dit al is wat ons bestaansreg gee". Beskryf hoe die skrywer voel oor Amerika se houding teenoor Suid-Afrika. [2]

**(h)** Lees die laaste twee paragrawe. Watter beeld van Afrika skep die skrywer hier? [2]

**(i)** Watter rol kan film in die toekoms van Afrika speel in die skrywer se opinie? [1]

**(j)** Verklaar die titel van die teks. [2]

[Totaal : 20]

**5** Beantwoord die vrae in **Afrikaans**.

**(a)** **(i)** Hoe ervaar Gavin Hood en die skrywer van die tweede teks ('Afrika word mondig') die impak van Amerika op film in Afrika en Suid-Afrika?

**(ii)** Verduidelik waarom albei so sterk voel oor dié saak.

Baseer jou antwoord op die tekste maar gebruik jou eie woorde.

Skryf ongeveer 100 woorde. [10]

**(b)** Volgens jou eie mening, kry Suid-Afrikaanse kultuur die juiste en genoeg aandag in die wêreld? Skryf ongeveer 50 woorde. [5]

[Taalgebruik : 5]

[Totaal : 20]

**BLANK PAGE**

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

University of Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is itself a department of the University of Cambridge.